Informa

November 2005 - 7 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# Strategic matters addressed in budget

The Executive Management (EM) approved the 2006 budget for the UFS, which reflects a leveling off in income growth, though at a level that still allows for significant expenditure of R69,3 million for strategic matters. But there will not be sufficient funds to continue the rapid growth in respect of allocations for provisioning and services, Senior Lecturer Equivalent (SLE) and salaries, says Prof. Niel Viljoen, Chief Director: Operations.

The 2006 budget will be submitted to the Council for final approval. There were several new realities influencing the 2006 budget, including:

- Student numbers have stabilised
- The inflation rate is the lowest ever
- The effects of government's new funding framework that imposes a limit on the number of students it will subsidise
- The expected drop in the number of school leavers generally as well as those that will qualify for university admission.

"As a result of this a further increase in student numbers on the Main Campus in Bloemfontein will probably not be possible. Increasing student numbers at the Qwaqwa Campus of the UFS, is of course, still very important," he added.

More optimal utilisation of the new funding framework, for example through higher through-put rates, is very important for strategic reasons, but will unfortunately not result in substantial financial relief.

"The challenge is therefore to focus on increasing the so-called third stream income, as well as the recruitment of non-traditional and non-subsidised students."




*The UFS gave a special award to the Bloemfontein Celtic Football Club for winning the SAA Super 8 Cup during the annual Sports Dinner. From the left are Mr Sello Nduna, public relations officer of Bloemfontein Celtic, Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS, Mr Paul Dolezar, coach of Bloemfontein Celtic, Mr Khumbulani Konco, team manager of Bloemfontein Celtic, and Mr James Letuka, Director: Kovsie Sport.*

The main recommendations which were approved by the EM are:

- Because of the leveling off in income and the fact that salary increases also still need to be financed from this, it was recommended that no additional funds should be allocated for SLE increases.
- As far as the distribution of SLE's among faculties is concerned. The matter will be investigated further by the Budget Division. Several other universities were consulted on this matter, but due to the uncertainty regarding the effect of the new funding framework, it would appear as if most of the universities will maintain the status quo.
- Regarding the support services, practically all available SLE's have been allocated already. If new services have to be provided, a shift will have to be made with regard to allocations rather than new allocations made. This is because the leveling off in student numbers is also likely to lessen the pressure on these services. A few requests with exceptional merit were indeed granted.

In line with the lower income growth and growth in student numbers a three percent increase for goods and services has been approved.



# UV vereer personeel vir langdiens

Personeel was vereer vir onderskeidelik 35 en 25 jaar diens aan die UV. Die volgende personeellede was nie teenwoordig met die neem van die fotos.

Vir 35 jaar diens: Mnr. Alke Gous (Basiese Mediese Wetenskappe)

Vir 25 jaar diens: Proff. Chris du Preez (Grond,- Gewas- en Klimaatwetenskappe), Kobus Steenkamp (Chemie), Henretha van Jaarsveld (Chemiese Patologie), Bruce Middlecote (Anatomiese Patologie), mev. Sonja Grobler (Obstetrie en Ginekologie), mnr. Sello Molise (Biblioteek en Inligtingdiens), mej. Getrude Shasha, mev. Martha Tladi (Koshuisskoonmaakdienste), mnre. Jan Moshou, (Loodgieter), Paulus Ramokoatsi en Johannes Motsoane (Terreine), mevv. Josephina Rakhang, Melita Ntechane (beide Fisiese Hulpbronne), Isabel Senokoane (Sekuriteit), mnr. Tat Botha en mev. Ruth Pitso (KovsieSport).



*Personeel wat vereer is vir 35 jaar diens by prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier (voor, derde van links) is van links, voor: Proff. Basie Wessels (Mangaung University Community Partnership Programme), Johan van Schalkwyk (Privaatreg), mnr. Gert Aucamp (Finansies) en prof. Ordino Kok (Dierkunde/ Entomologie). Agter: Prof. Danie Strauss (Kantoor van die Dekaan Geesteswetenskappe), prof. Dirk van den Berg (Kunsgeskiedenis), mnr. Michael Haller (Odeion Strykwartet) en Prof. Stander Jansen (Neurologie).*



*Personeel wat vereer is vir 25 jaar diens by prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier (voor, vierde van links) is van links, voor: Me. Miriam Khosana (Koshuisskoonmaakdienste), mnr. Simon Khosana (Bevoorrading), prof. Wayne Colliston (Geologie), mnr. Vuyisele Mazwi (Biblioteek en Inligtingsdiens), mej. Elsie Jacobs (Bevoorrading), mnr. Jacob Moreho (Fisiese Hulpbronne) en me. Agnes Selebano (Koshuisskoonmaakdienste). 2de ry: Mnr. Aron Mothupi (Beeldende Kunste), prof. André Dannhauser (Menslike Voeding), dr. Hermann Praekelt (Geologie), mnre. Frans Masisi, Francois Marais (beide van SHOSO), mev. Hannemarie Bezuidenhout (kantoor van die Dekaan Gesondheidswetenskappe), meve. Julie Mackenzie (Skool vir Verpleegkunde), Sophia Nethe, Dora Melesi, Aria Moeng en Lydia Mokhuoa (almal van Koshuisskoonmaakdienste). 3de ry: Prof. Abie Kruger (Neurologie), prof. Das Stëyn (Stads- en Streeksbeplanning), mnr. Willem Lubbe (Finansies), dr. Lily van Rhyn (Skool vir Verpleegkunde), mev. Tokkie Vivier (Proefdiersentrum), mnr. Abel Mothe (Menslike Hulpbronne) en me. Sarah Motope (Koshuisskoonmaakdienste). 4de ry van links: Mnr Jan Katan (Kovsiesport), mnr. Peet Roodt (Geologie), mnr. Martins Khumbe (Fisiese Hulpbronne) en mnr. Elovo Makanda (Bevoorrading).*

# Welstandsprogram gee steun

Die Welstandsforum van die UV het sy eerste vergadering op 13 September 2005 gehou. Die doel van die welstandsprogram is om personeellede beter toe te rus in terme van hul gesondheid. “Welstand sal personeel se moraal verbeter, produktiwiteit en kreatiwiteit verbeter en afwesigheid van die werk verminder,” sê me. Riana Johnson van die Welstandskomitee.

’n Aantal welstandsessies was aangebied deur die jaar, insluitende ’n aanbieding oor *Balans in werk en lewenstyl* deur me. Maretha Delport asook ’n werkswinkel oor voeding deur me. Elmine du Toit, Departement Menslike Voeding. Kansa het ook ’n aanbieding gehad oor *Hoekom moet ek gaan vir ’n papsmeer of prostaatondersoek* waarna personeel die geleentheid gehad het om dié toetse teen verminderde tariewe te laat doen.

Onlangs het die welstandskomitee ’n baie suksesvolle pretstap georganiseer. Oud en jonk het deelgeneem en daar is selfs gerugte dat personeel weer volgende jaar so ’n stap wil aanpak.



*Deelnemers ontspan na die 4km-pretstap op die kampus.*

# Intellectual property will now be protected

The Senate of the UFS approved the Intellectual Property Policy aimed at creating an enabling environment and encouraging staff and students to do research. The policy protects the new innovations generated by research in the academic world, and of all personnel at the UFS.

“This policy attempts to create a win-win situation to benefit the university as well as the creator or inventor of the idea,” says Prof. Van Aardt Smit of the Department of Business Management.

He said: “The purpose of the policy is to enable the UFS to protect, patent, exploit and commercialise intellectual property to the advantage of the university, the inventor, the local community and the country as a whole. To ensure this, sufficient mechanisms have to be put in place. Employees have contracts that stipulate that whatever they develop belongs to the university. Students in postgraduate studies also have the same obligation.

“In the past, master's and doctoral students conceded copyright when the final dissertation/ thesis was submitted but, according to the new policy, intellectual property rights will be conceded to the university on registration.”

The legal position regarding ownership of intellectual property created by an employee within the scope of his employment is defined in his conditions of service. In terms of the standard service contract, a staff member assigns and concedes to the UFS, without counter value, all immaterial property rights that he, acting within the scope of his employment as an employee of the UFS, becomes entitled to in future. The policy does however, provide for a fair and realistic split of the benefits derived from the commercialisation of the intellectual property.

“Intellectual property that results from private work, approved by the dean, does not belong to the university, but to the creator. Private work may not take up more than one day per week during an employee's normal working hours,” says Prof. Smit.

He says, the concept intellectual property includes inventions, discoveries, registered and unregistered trademarks and names, registered designs and models, circuit layouts, trade secrets, confidential information, plant breeder's rights, and all rights resulting from intellectual activities in the field of industry, science, literature and arts.

Dr Adi Paterson of the Department of Science and Technology said: “The policy is in line with government's intention to force universities to protect the intellectual property created by both students and employees at all South African universities.”

# UFS grows its own timber

The UFS are preparing graduate students for their future in academic careers. This is done in the Grow our own Timber Programme. The main goal is to provide opportunities for young black graduate students to acquire their Ph.D. degress and to introduce them to issues surrounding university teaching and faculty worklife in research and non-research settings.

Recently students from this programme presented their research topics to a panel of judges. Respectively Ms Lucia Motseki in the Department Human Nutrition, Mr Ancel George in the Department Psychology and Ms Rebotsamang Shago in the Department Chemistry was appointed as overall third prize, second prize and first prize winners.

Ms Annette Prins of the Centre for Higher Education Studies and Development said: "We are proud of the fellows and are keenly awaiting the completion of their studies and their possible appointment as UFS academics."



*At the research finalist session from the Grow Our Own Timber programme were from the left: Ms Annette Prins, Deputy Director at the Grow Our Own Timber programme, Dr Joy Summerton, Lecturer and Researcher in the Centre for Health Systems Research and Development, Mr Ancel George in the Department of Psychology, Ms Rebotsamang Shago in the Department Chemistry, Ms Lucia Motseki in the Department Human Nutrition and Dr Choice Makhetha, Vice-Dean: Student Affairs at the UFS.*

# Proefplaas daar om navorsing te bevorder

Die Departement Grond- en Gewas- en Klimaatwetenskappe aan die UV het 'n inligtingsdag oor gewasproduksie by die Kenilworth-proefplaas buite Bloemfontein aangebied.

Verteenwoordigers van onder meer die Landbou- Navorsingsraad (LNR), die Departement van Landbou, Omnia, Pannar, Senwes, Griekwaland-Wes Koöperasie (GWK) en boere van die kommersiële en opkomende landbousektore het die inligtingsdag bygewoon.

Die proefplaas word hoofsaaklik gebruik vir die opleiding van voor- en nagraadse studente en vir kontraknavorsing. Daar is tans 2 Ph. D.'s, 2 M-studies en 1 navorsingsprojek vir die Water-Navorsingsraad (WNR) wat by die proefplaas uitgevoer word.

Verskeie navorsingsprojekte wat tans op die proefplaas uitgevoer word, is aan die gaste bekendgestel en verduidelik. Prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe aan die UV, het gesê dat landbounavorsing in die laaste paar jaar agteruitgegaan het en dat die fakulteit deur middel van die proefplaas daartoe verbind is om navorsing op te hef en te bevorder.



*'n Inligtingsessie oor gewasproduksie op die Kenilworth-proefplaas is bygewoon deur prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan: Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, me. Keletso Seetseng, magisterstudent in Landbou, dr. Ezekiel Moraka, Viserektor: Studentesake, en prof. Leon van Rensburg, Departement Grond- en Gewas- en Klimaatwetenskappe. Me Seetseng werk op twee Canola-veldproewe wat tans by die proefplaas uitgevoer word.*

# UFS assists with training of new generation of municipal managers



*Attending the Executive Municipal Management Development Programme are from the left: Mr Gush Dhlamini, Manager: Administration, Phumelela Municipality, Ms Mamaria Kokoropo, General Manager: Expanded Public Works Programme Motheo District Municipality, Prof. Koos Bekker, Project Manager of the programme from the UFS Department of Public Management and Mr Vuyo Adonis, Corporate Executive Manager: Community Service and Social Development, Matjhabeng Municipality.*

The Unit for Local Government and Management in the Department of Public Management at the UFS presented a programme specifically aimed at assisting municipal managers and officials. The Executive Municipal Management Development Programme is a unique inter-disciplinary training and development programme.

Prof. Koos Bekker, Project Manager of the programme said: "The programme was started by the national government in support of struggling municipalities to smarten up their service delivery.

"Our aim with the programme is to teach students mentor and training skills and to assist them to apply it as part of an integral strategic budgeting and performance management approach. Mentorship is an unexploited leadership style that can turn the current situation of municipalities around to a successful sphere of governance. A network of well trained mentors and facilitators can therefore be created. They can provide support and in-service training at municipalities and act as partners of the UFS in training programmes."

The programme consists of 15 short learning modules which are accredited within the framework of the South African Qualifications Authority (SAQA). It is a tough course. Students' knowledge is tested frequently and the minimum passing rate is 70%. Students who do not maintain this may not complete the course. "We set the standard so high to attract people with potential who are committed to development," said Prof Bekker.

The Executive Municipal Management Development Programme is a joint project of the Department of Local Government and Housing, the South African Society of Local Government (Free State) and the UFS Public Sector Management Programme. The project is funded by the Flemish government.

## Housing strategy must make room for special needs

South Africa's housing strategy must devote attention to people with special needs, including people with disabilities, people living with HIV/AIDS and those in poverty.

This was the view expressed by Dr Mark Napier of the Council for Scientific and Industrial Research during his presentation to the Housing Research Day organised by the Centre for Development Support at the UFS. Dr Napier was involved in shaping the *Breaking New Ground* housing strategy of Minister Lindiwe Sisulu.

According to him, housing delivery faces challenges which need to be addressed. That includes the withdrawal of larger construction firms; the slow process of developing an emerging contractor sector, access to bridging and other finance, and the acquisition of well located (especially inner city) land.

Dr Napier said: "The *Breaking new Ground* strategy tries to go beyond the provision of basic shelter to the establishment of sustainable settlements and to be responsive to housing demand rather than being supply led.

He said a survey of people who had benefited from government's housing programme had shown mixed results. Although the location of the houses was poor and there were increased costs, most beneficiaries said they were better off than before. They said that they had very little personal choice between houses, sites or settlements. Beneficiaries also felt that municipalities and developers fail to repair defective houses. Many beneficiaries also reported that they felt unsafe in their settlements, as well as in their own houses.

Prof. Lucius Botes, the Director of the Centre for Development Support, said: "The Research Day highlighted the Centre's ability to interact with problems faced by communities, the government, the private sector and civil society. Through our research we can ensure that the UFS is engaged with our people's problems and challenges and as a place of scholarship, is enabled to assist in finding solutions."

# Prof. Scott and Spanish connection research climate changes in Namib

Graciela Gil Romera from the Autonomous University of Madrid in Spain visited the Department of Plant Sciences at the UFS as part of her Ph.D. study in palynology (the microscopic study of pollen grains). She is focussing her project on long-term vegetation and climate change in the Namib Desert over the last 10 000 years and further back in time.

She obtained unique information about past climates from the pollen composition of fossil dung accumulations produced by hyraxes (dassies), which escape decomposition for thousands of years under special desert conditions. In September Graciela accompanied Prof. Louis Scott of the Department of Plant Sciences and Mr Eugene Marais of the National Museum of Namibia in Windhoek on an expedition transecting most of the Namib Desert to collect samples for radiocarbon dating and pollen analysis. The research is part of an international project in which Prof. George Brook from Athens, Georgia, USA, is a participant.



*Ms Graciela Gil Romera and Mr Eugene Marais sampling fossil dung in the Kaokoland in the Namib Desert.*

## Kovsiekultuur erken sy bestes



*Kovsiekultuur het tydens die Kuns- en Kultuur- Erkenningsfunksie aan studente wat in 2005 uitstekend presteer het ereklere toegeken. Die toneelstuk Zollie, Bea van der Vyfer en Thabo Hlongwane het almal uitstekend presteer. Van links is Thys Heyden, erekleure in Drama en Teaterkuns met sy vertolking van Zollie, prof. Nico Luwes, Hoof: Departement Drama en Toneelkunde, Louis Botha, Kultuurbeampte aan die UV, Donna Roberts, erekleure in Drama en Teaterkuns vir haar rol as Snoekie in Zollie en Thabo Hlongwane, erekleure in musiek.*

## Dates to diarise

**17 November 2005** – Wellness programme: Dr Jan Albert van den Berg talks about *Spiritual Resilience*. Everybody is welcome.

**24 November 2005** - Launch of the video: *Growing vegetables: A comprehensive guide on how to establish, maintain and manage a vegetable garden*. Contact: Dora du Plessis at 051 401 2557.

**29 November 2005** – Wellness programme: Beverly Peens talk about *Resilience in the face of stress*. Everybody is welcome.

**20 December 2005** – University closes.

**3 January 2006** – University opens.

# Fakulteit Teologie sorg vir talle eerstes




Prof. Wilhelm Neuser

Die Fakulteit Teologie aan die UV het verskeie eerstes behaal met die besoek van prof. Wilhelm Neuser van Münster, Duitsland. Dié 79-jarige professor het met die lentegradeplegtigheid van die UV 'n eredoktorsgraad in Teologie ontvang. Op die vooraand van die plegtigheid het hy 'n gaslesing by die Fakulteit Teologie gegee. Prof. Dolf Britz van die Departement Ekklesiologie sê: "Dit is die eerste keer aan die UV dat 'n persoon wat 'n eredoktorsgraad ontvang, 'n spesiale gaslesing vooraf gee.

"Die aand is op 'n hoogtepunt afgesluit toe prof. Neuser 'n skenking aan prof. Hermie van Zyl, Dekaan van die Fakulteit Teologie, oorhandig het. Die skenking gaan aangewend word vir navorsing rakende Calvyn se werke, veral met die oog op die vertaling van Calvyn se kommentare in Afrikaans en Suid-Sotho. Dit is die eerste skenking van hierdie aard wat die fakulteit ontvang het. Verder sal dit die eerste keer wees dat Calvyn se kommentare in Afrikaans en Suid-Sotho vertaal word.

"Prof. Neuser se finansiële, akademiese en morele steun vir hierdie projek is van groot waarde vir die Fakulteit. Die Calvyn-navorsingsprojek sal vir die kerk in die breë en ook vir Suid-Afrika van groot waarde wees."

# Indigenous knowledge systems can have great social impact



*Dr Otsile Ntsoane, Acting Director IKS, Department Science and Technology and Prof. Philip Nel from the Department Afro-Asiatic Studies and Language Practice and Sign Language at the launch of the collection of essays on Indigenous Knowledge Systems published in Indilinga.*

The UFS's Programme of Africa Studies launched a unique collection of essays on Indigenous Knowledge Systems (IKS). The essays were published as a special edition of *Indilinga*, the African Journal for Indigenous Knowledge Systems and are an outcome of the colloquium on IKS that was presented last year by the UFS Director of Africa Studies in cooperation with the National Research Council.


Prof. Philip Nel from the Department Afro-Asiatic Studies and Language Practice and Sign Language said: "The amount and diversity of materials on IKS brought together under one cover is unique as there are no other South African publications of this magnitude on this issue. The publication is a rich source field for students and scholars to exploit because most of the sources quoted in the articles are recent, fresh and relevant."

# Nomineer vir die Kovsie Alumni toekennings

Dit is weer tyd vir oud Kovsies om persone te nomineer vir die Oud Kovsie van die Jaar toekenning, Cum Laude toekenning en die Alumni toekenning vir uitsonderlike diens aan die UV. Die Oud Kovsie van die Jaar toekenning word aan 'n lewende oud Kovsie gemaak wat presteer het op nasionale of internasionale vlak. Die Cum Laude toekenning word van tyd-tot-tyd gemaak aan 'n alumnus vir uitstaande diens of prestasie op plaaslike, nasionale of internasionale vlak in sy/haar spesifieke beroep en die Alumni-toekenning vir uitsonderlike diens aan die UV word van tyd-tot-tyd gemaak aan enige persoon (nie noodwendig 'n alumnus nie) wat voortreflike diens aan die UV lewer/gelewer het.

Skriftelike nominasie kan deur enige alumnus, ondersteun deur ten minste vyf sekondante wat ook alumni is, gedoen word, vergesel deur 'n deeglike motivering en 'n Curriculum Vitae van die voorgestelde persoon. Die kandidaat wat voorgestel word se volledige adres sowel as telefoonnommer moet ook verskaf word. Nominasies kan gestuur word aan Jeannette Boshoff Jansen, Alumni-toekennings, Posbus 2319, Bloemfontein 9300.

# UV-programmeerder skryf geslagsregister



*Mnr. Johan Pottas.*

Mnr. Johan Pottas, Hoofbeampte: Stelselontwikkeling/Programmeerder het 'n geslagsregister van die Van den/der Bergs, van die Kaap tot in Witkraal, geskryf. Hy het drie jaar gelede met die navorsing van sy vriend Cassie van der Berg se geslagsregister begin.

"Die opstel van 'n geslagsregister is 'n stokperdjie wat baie tyd in beslag neem en geld vra," sê mnr. Pottas.

Die geslagsregister het hom 30 maande besig gehou, 24 maande vir navorsing en ses maande vir die skryfwerk. Hy het baie gebruik gemaak van reeds gepubliseerde navorsing, maar moes ook by tye self gaan delf het vir inligting. "Dit was 'n hoogtepunt en verligting toe die boek eers gepubliseer is," sê hy.

Mnr. Van Der Berg was self baie beïndruk toe die boek eers gepubliseer is. Hy vertel: "Die rykheid van my familie se lewens, hulle interessanthede en prestasies, hulle beproewinge en teleurstellings en bowenal hulle doodgewone alledaagse lewe, het in my denke 'n prentjie geteken van 'n geheelbeeld wat vir my kosbaar en mooi was. My mense het voetspore gelaat op die paaie van tyd. Sommige voetspore het verdof en jy weet daar is baie stories wat nie vertel is nie, baie vrae wat nie beantwoord is nie. Baie gebeure is saam met ons voorouers begrawe. Gelukkig was sommige voetspore nog leesbaar en daar sal, deur hierdie boek, tog iets bewaar bly vir toekomstige geslagte. Dit is 'n kosbare kleinood en vertel 'n voetspoorstorie van geslag tot geslag."


## Promosie-artikel

### Daar lê 2005 op sy rug!

U is seker besig om die dae te tel vir die ruskans wat om die draai is.

Maak seker dat u veiligheidshekke en diefwering stewig is, vensters toegemaak en alle hekke gesluit is en u alarm werk.

Gee asseblief aan u veiligheidsmaatskappy of die persoon wat na die perseel omsien die korrekte kontaknommers en datums wat u uitstedig sal wees. Plaas Mooirivier Makelaars en die tolvryenommer van die insleepdiens op u selfoon. Is daardie belangrike plakker op u motor... Indien nie, skakel my en ek lewer dit vir u af.

Maak seker dat die rekenaars en die ander elektroniese toerusting uitgeprop is om so weerligskade te voorkom.

'n Geseënde Kerstyd word u toegewens met volop vrede in u hart. Ons gesels weer 2006!

Huibrie 082 445 8280


# Bevorderings en aanstellings

**Drr. Anet Louw**, Sielkunde, **Mabokang Mapesela**, Sentrum vir Hoëronderwysstudies en **Suzanne Human**, Kunsgeskiedenis is bevorder tot medeprofessor.

**Drr. Santjie Botes**, Menslike Bewegingskunde, **Mariza Brooks**, Engels en Klassieke Tale, **Christo Heunis**, Sentrum vir Gesondheidsisteemnavorsing en Ontwikkeling, **Roelf Reyneke**, Maatskaplike Werk, **Jan-Ad Stemmet**, Geskiedenis en **Erna van Zyl**, Psigo Opvoedkunde is bevorder tot Senior Lektor.

**Dr. Daleen Raubenheimer,** Basiese Mediese Wetenskappe is bevorder na Eerste Mediese Beampte/ Senior Lektor.

**Dr. Moses Sindane**, Openbare Bestuur en **mnr. Cobus Rossouw**, Rekeningkunde is bevorder na Medeprofessor. **Drr. Cobus Pienaar**, Bedryfsielkunde en **Lochner Marais**, Sentrum vir Ontwikkelingsteun is bevorder na Senior Lektor.

**Prof. Peter Mbati** is aangestel as Professor in Dierkunde en Entomologie en ook heraangestel as Kampushoof: Qwaqwakampus.

**Prof. Helen Schneider** is as *Professor Extraordinarius* aangestel in die Sentrum vir Gesondheidsisteemnavorsing en Ontwikkeling.

# Aftredes

Die volgende persone tree af: **Proff. Erhardt Du Toit**, Vee-, Wild- en Weidingkunde, **Piet Groenewald** en **dr. Piet Steyn** albei van Wiskundige Statistiek, **mev. Dorothy Riekert**, Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie, **proff. Hans Messerschmidt**, Rekenaarwetenskap en Informatika, **Sybrand Strauss**, Dogmatologie, **Deon Lamprecht**, Musiek, **Nico Coetzee**, Menslike Bewegingskunde en **Daan Wessels**, Politieke Wetenskappe.

# time out with...



## Mr Clemence Namponya
### 'I support success'



*Mr Clemence Namponya.*

Mr Clemence Namponya, Director: Library and Information Services, started working at the UFS Sasol Library in September 2002. He knows this field and boasts with previous experience at libraries such as the Universities of Durban Westville, Port Elizabeth and Fort Hare.

This expert in the library and information field was born in Malawi. He attended school in Britain, after which he obtained his initial qualification at the University of Wales. He then completed his master's degree at the Loughborough University of Technology. In 1993 he came to South Africa where he started his career as a librarian at the Fort Hare University.

Since he started working at the UFS, he faced various challenges. He had to ensure that services continued as effectively as before and that they responded to the needs of academics and students.

The fact that the university continues to provide funding for resources in the library is very important to Mr Namponya. "It is also significant that management supports the library. We had Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS visiting the library. For him to set aside a day to visit and address staff meant a lot to us. Any library can be proud of that because it does not happen very often," he said. His main responsibility is to manage the library. This includes financial and human resources and strategic management. He is also responsible for the two satellite libraries on the Qwaqwa and Vista Campuses.

When out of the office and relaxing at home, Mr Namponya likes to watch sport, both soccer and rugby. "Sometimes I watch at home and sometimes I go to the stadium to watch," he said.

As if it is not enough to be surrounded by books the whole day, Mr Namponya also loves to read. He has done some writing on professional issues which was published in accredited publications. His article was on agricultural issues, providing information to farmers.

Mr Namponya has three girls, respectively 12, 17 and 22 years old. "When I am not watching sport, I like to listen to their stories," he said.

His goal in life is to see students graduate. Mr Namponya said: "I support success. To know I have contributed to someone's success gives me a lot of pleasure."

"The university is the best place one can work for. There are many opportunities to develop oneself to be the best one can be. I do not think I shall be happy working anywhere else. It is good to work in an environment that encourages personal growth."

# MBA-studente besoek DaimlerChrysler



*Studente wat die MBA-kursus by die Bestuurskool van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe volg, het DaimlerChrysler tydens 'n studietoer na Oos- Londen besoek. Van links is, voor: prof. Helena van Zyl, Direkteur van die Bestuurskool, me. Lache Katzen, mev. Maureen Helepi en prof. Tienie Crous, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Agter: mev. Susan Cooper, mnr. Lefu Lechesa, mev. Marisa Venter en mnr. Colin van Aarde.*

Mooirivier
Makelaars /Brokers

**SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING**
**SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE**

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak, effektiewe eisebestuur en risiko beperking, wat lei tot lae premies en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through personal contact, effective claims and risk management, which results in lower premiums to give you peace of mind.*

Kontak ons by Tel (051) 447 6877 Faks (051) 447 5758 of
e-pos aan mmbloem@mweb.co.za
Contact us on Tel (051) 447 6877 Fax (051) 447 5758 or
e-mail mmbloem@mweb.co.za

Hollard
SELECT BROKERS

# 5 Minute



# Gomgompies and a Kovsie Shout Day!

Dagsê

Ek beloof ek sal niks sê oor die Cheetahs en die Curriebeker nie! Waak teen die arrogansie! Net dit! Ek was in '76 op daai pawiljoen en ons het nie groot nie, maar goud gegaan! So nou kan ons platinum gaan! Nogal nostalgies om oorlede Wouter Hugo ook op die koerantfoto van daardie dae te sien. Bultjie kan persoonlik getuig dat hy sy optelkrag in die ou Malhuis geoefen het deur eerstejaarstudente teen die mure op te druk! Dit was in die jare toe ontgroening nog 'n Provinsiale Kovsiesport was.

Ontspan tog nou toekomstige studente-ouers! Omtrent niks fisiek word meer toegelaat nie. Daarom stap sommige mansstudente met sulke gehoorstukkies in die ore en slap ruggies. Van sit en TV kyk en rekenaarspeletjies speel. “Ek stick jou vir 'n lê-leer in die bib se rekenaarlab!” En sommige damesstudente se magies is so pap dat hulle dit voor met 'n naeltjiering bymekaar moet hou! In my dae het die bloot die gedagte aan 'n meisie se naeltjie vreemde reaksies by mansstudente uitgelok. Onthou, ons moes *Wat Elke Seun Moet Weet* met 'n donkerbril lees! Ons het geglo in Gomgompies! As jy nie wis wat 'n Gomgompie was nie, het 'n senior mediese student jou na die privaatheid van sy kamer geneem, en dan vertroulik berader: “Nou kyk, ou Seun... 'n Gomgompie is 'n snaakse, wollerige gediertetjie wat in jou naeltjie woon en snags uitkom om vir die maan te blaf!”

Bultjie wonders whether the stress that lecturers and students experience at this time of the year cannot be cured by an End of the Year Kovsie Shout and Scream Day. Just imagine! We come together on the Red Square and we shout and scream at everything that irritates us! I can think of quite a lot lecturers can shout about! All the last minute meetings! All the last minute loads of paperwork that gets dumped on you. The audit! All the trouble to get marks into a system that tells you that such a student does not exist! And all the trouble to convince THE SYSTEM that the student stands with his or her registration paper in his hand! All the leave that you did not take due to workload and rationalisation that will not get paid out! More than a year's leave? Down the…?! AAAAUUUHHHH!!! All the Magisters and Ph.D.'s that your dear colleagues from other universities send you slap-bang in the exam-time with a note: “We would appreciate it if we can get the report within a week as the candidate and the promoter would like to go on holiday in the middle of November”. AAAAAAAUUUUGHHH!!!!

Students can shout about a lot of things! You failed one module and must return from London for a second opportunity in January 2006? The fact that the holiday as a student with Mommie and Daddy paying for everything is finally over! Scream at the real world! Shout and scream! No more pizzas on your student card, no more doekvoet-onder-die-kombers or bunking after a late night bash at Stones or Mystic? AAAUUUUHH!!! EISH!

Then we can all run to the swimming pool, take a dive and laugh about the whole affair. For one thing is for sure – we all need a holiday. Bultjie wishes everybody a good rest! And to all our dear students leaving the campus, we'll miss you. It was an honor to see you become grown-ups. You'll miss Kovsieland as well! Drive safely!

Groete van huis tot huis!

*Bultjie!*

## CePHMa, leier op die Afrika vasteland



*Die verhoogde behoefde aan kundigheid in plantgesondheid is een van die hoofredes vir die totstandkoming van CePHMa, sê prof. Wijnand Swart, Voorsitter CePHMa. By die openingsgeleentheid van die Sentrum vir Plantgesondheidsbestuur was van links: prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan: Fakulteit Natuur en Landbouwetenskappe, mnr. John Purchase, Hoofbestuurder: Graan Suid-Afrika, prof. Zakkie Pretorius, Voorsitter: Departement Plantwetenskappe, en prof. Wijnand Swart, Voorsitter van CePHMa.*

# Kursus in kopieskrywing vorm vennootskappe

Dr. Angelique van Niekerk van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans het 'n kursus in kopieskryf aangebied. Die kursus het so uitgebrei dat vennootskappe en interdissiplinêre samewerking met ander partye soos die grafiese ontwerpskool DCM, die bemarkingsagentskap Twotone, radiostasies soos RSG en SAFM en die Departement Musiektegnologie gesluit is.

Dr. Van Niekerk sê: "Die kursus in kopieskrywing word hoofsaaklik aangebied vir studente in geïntegreerde bemarkingskommunikasie. Die studente van die ontwerpskool DCM, die Departement Musiektegnologie en die studente in kopieskrywing (TPP 224) werk dan saam aan voorleggings." Die akademiese departemente wat hierby betrokke is, is die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie en die Departement Musiek.

Weens die belangstelling in die kursus en die talle nuwe vennootskappe in die vooruitsig word die kursus in (reklame-)kopieskrywing ook uitgebrei na 'n derdejaarskursus in 2007, nl. BKT 214 en BKT 314.

Die radiostasies RSG en SAFM, asook die bemarkingsagentskap Twotone, is betrokke by die finale evaluering van die voorleggings. Die radiostasies saai die wenradio-advertensie uit en 'n onderhoud word ook met die betrokke groep op radio gevoer," sê dr. Van Niekerk.

Mnr. Tshebo Mokoena, Bemarkingsbestuurder by SAFM, en mnr. Jacques Coetzee, Bemarkingsbestuurder van RSG, het onderskeidelik voorleggings vir die studente gedoen. Hulle sal ook die twee finale pryswenners van die RSG- en SAFM-kompetise aanwys.

Wimpie Steyn, Liska Talanda, Johan Odendaal, Hansie Wessels en Zandre van Zyl was aangewys as die wenners van die kopieskryfkompetisie en het die Madala toekenning ontvang.



*Met die voorlegging deur RSG se Bemarkingsbestuurder is van links dr. Angelique van Niekerk, van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV, mnr. Jaques Coetzee, Bemarkingsbestuurder by RSG, mnr. Jeré Möller, betrokke by DCM Grafiese Ontwerpskool en nagraadse student in Mediataal aan die UV, me. Dalmé Mulder, dosent by die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie, en mnr. Anton Esterhuyse dosent in Musiektegnologie by die Departement Musiek, aan die UV.*

# Onderrigmediadienste streef na foutvrye lesings

"Gedurende die afgelope aantal jare het die UV ongeveer R4 miljoen beskikbaar gestel vir die opgradering van lesinglokale en die voorsiening van oudiovisuele apparate aan departemente," sê mnr. Peet Venter, Hoof van die Afdeling Onderrigmediadienste.

Behoeftes het die beskikbare fondse oorskry, maar Onderrigmedia het fondse so breed as moontlik probeer aanwend en lokale is opgegradeer.

Mnr. Corné Stapelberg en sy span, mnre. Roelf Pringel, Daniel Mokete en Jacob Kgasana van die tegniese afdeling by Onderrigmedia, was vir die installasies van al die toerusting in die nuut opgegradeerde lokale verantwoordelik. Hulle doen alles moontlik om diefstal van apparaat tot die minimum te beperk.

Mnr. Venter sê: "Alles word gedoen om te verseker dat lesings foutvry aangebied word. Mnr. Roelf Pringle het 'n program geskryf wat op al die rekenaars geïnstalleer is. Dit bevat die besonderhede om foute te rapporteer asook 'n tegniese handleiding vir gebruik van apparaat. Die inligting verskyn met die aanskakeling van rekenaars in lokale."

Onderrigmediadienste bied ook steeds 'n bruikleendiens en is ook behulpsaam met die aankoop van oudiovisuele apparaat vir persone wat van die afdeling se kundigheid gebruik wil maak. Vir meer inligting omtrent enige van die bogenoemde dienste kan mnr. Venter gekontak word by x2562 .

# Landbou-ekonomie lewer meeste referate by konferensie

Tydens die pas afgelope 43ste jaarlikse konferensie van die Landbou-ekonomie- vereniging van Suid-Afrika (*Levsa*) in Polokwane, het studente en personeel van die Departement Landbou-ekonomie aan die UV 13 van die 30 referate gelewer (uitsluitend genooide referate). Vier-en-twintig studente en 12 personeel-lede het die konferensie van dié departement bygewoon.

Mnr. Pieter Taljaard het die prys gewen vir die beste artikel in *Agrekon*, die geakkrediteerde joernaal van *Levsa* oor die laaste 12 maande. Mnr. Andries Jordaan het die tweede prys gewen in die kategorie vir die beste M.Sc.-verhandeling, mnr. Dikus van Wyk het die tweede prys gewen in die kategorie vir die beste opstel deur 'n Landbou-ekonomie-student en mnr. Henry Jordaan het erkenning ontvang as die beste voorgraadse student in Landbou-ekonomie aan die UV. Ere-lidmaatskap is ook aan prof. Klopper Oosthuizen toegeken.

Prof. Giel Viljoen tree uit as *Levsa*-president na 'n termyn van twee jaar.

# Six tell about research

Staff from the Department of Afro-Asiatic Studies and Language Practice and Sign Language at the UFS delivered 38 papers so far this year.

Fifteen of these papers were delivered outside the borders of South Africa. Prof. Philip Nel, Head of this department said: "This is an exceptional achievement for this department". Dr Jaqueline du Toit, Dr Luna Beard and Ms Stephanie Cawood mostly focused on Biblical literature for children. Dr Annelie Lotriet talked about the interpretation of deception at the Federation of Translators' World Conference in Finland and Prof. Nel presented a paper on a cognitive linguistic analysis of the Shepherd metaphor at the Society of Biblical Literature in Singapore.

Prof. Jakobus Naude and Mr Philemon Akach respectively presented papers on translation and sign language.



*Staff from the Department of Afro-Asiatic Studies and Language Practice and Sign Language delivered 38 papers this year. The group was from the left, front: Ms Stephanie Cawood, Prof. Philip Nel and Dr Jackie du Toit. Back: Mr Kobus Snyman, Mr Philemon Akach, Prof. Jacobus Naudé and Dr Annelie Lotriet.*

# Prof. Raath presteer buitengewoon

Prof. Andries Raath van die Departement Staatsreg en Regsfilosofie in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV het 'n merkwaardige akademiese prestasie behaal toe sy akademiese besonderhede in die *Who's who in the world, twenty-second edition, 2005,* gepubliseer is. Die internasionale verwysingsbron oor uitstaande intellektuele prestasies verskyn reeds sedert 1898 en verleen erkenning en maak toekennings aan individue wat prestasies in hul velde van belangstelling behaal en daardeur betekenisvol bydra tot die verbetering van die kontemporêre gemeenskap.

Oor die eer wat hom te beurt geval het, sê prof. Raath: "Ek is dankbaar dat die UV en die Fakulteit Regsgeleerdheid akademies internasionaal figureer."

Hy is ook deur die International Biographical Centre in Cambridge, Engeland, vir sy bydraes op die terreine van die regte, filosofie en geskiedenis vereer. Daar is slegs 2 000 mense wêreldwyd wat toekennings, insluitend 'n medalje vir buitengewone prestasie, ontvang. Die diploma en medalje wat aan prof. Raath toegeken is, vermeld dat hy een van die uitstaande intellektuele in 2005 is.

Die toekennings aan prof. Raath is gemaak op grond van akademiese bydraes wat in internasionale publikasies verskyn het oor die ontwikkeling van die vroeg-moderne konsepsie van demokrasie, die regstaat en regsontwikkeling wat 'n belangrike impak in die vroeg-Reformatoriese en vroeg-moderne tydvak sedert 1500 gehad het.



*Prof. Andries Raath*

# Blinde krieketspelers sit hulle ore aan

"Vertel vir iemand jy het die naweek blinde krieket gespeel, kyk hulle jou snaaks aan. Ja, daar is iets soos blinde krieket, selfs 'n liga. Dieselfde reëls geld en daar word op dieselfde veld gespeel. Jy boul onderdeur en die bal moet rol, jy moet veeghoue speel, die bal het goedjies in wat raas, jy moet die kolwer vra of hy gereed is en die oomblik as jy boul moet jy 'play' skree," sê mnr. Johan Bekker, 'n rekenmeester by die Departement Finansies aan die UV.

Personeel van die departement het aan die Blinde Krieket Korporatiewe Toernooi van die Vrystaat deelgeneem. Elke span het drie blinde Vrystaatse krieketspelers gekry om saam te speel.

Mnr. Bekker sê: "Ons spelers was Isaac Morakile, Jeremia Mofokeng, van die Bartholomea Skool vir Blindes en Simon Nama, A-ligaspeler van die die Sentrale Universiteit van Tegnologie. Die res van die spanlede moes donkerbrille opsit en Vaseline op die lense smeer om die verskillende tipes visie na te boots. Die regte sterre in die span was egter die blinde ouens. Hulle het in alle afdelings beter gevaar as dié met sig. Hulle entoesiasme en gees het my beïndruk en my net weer laat besef hoe bevoorreg ons is."



*Die Departement Finansies het aan die Blinde Krieket Korporatiewe Toernooi van die Vrystaat deelgeneem. Van links is, agter: mnr. Johan Bekker, me. Frandri Bosch, me. Annatjie Venter, me. Christine Brewis, en mnr. Gerhard Coetzer. Middel: me. Gwen Bester, mnr. Hendri du Plessis, me. Anita van Wyk en me. Retha Bekker. Voor: mnr. Isaac Morakile, mnr. Simon Nama, mnr. Jeremia Mofokeng en me. Rhoda Grobler.*

# Adv. Keevy die beste regsdosent



Adv. Ilze Keevy

Adv. Ilze Keevy van die Departement Staatsreg en Regsfilosofie is deur studente aangewys as die beste dosent in die Fakulteit Regsgeleerdheid vir 2005. Die Juridiese Vereniging hou jaarliks 'n stemming om die beste dosent in die Fakulteit aan te wys.

Die toekenning was vir haar 'n groot verrassing. "Baie dankie aan die studente vir die toekenning as dosent van die jaar," sê adv. Keevy.

# Kovsiedok deel kennis oor sportbeserings



*By die seminaar wat gehou is by die Millennium Institute for Sports and Health in Auckland, Nieu-Seeland, is van links dr. Leon Lategan, Universiteit van Johannesburg, dr. Louis Holtzhausen, UV, dr. Craig McQueen, sportgeneesheer van Salt Lake City en dr. Ben Kibler, van die American College of Sports Medicine en leier van die span afgevaardigdes.*

Dr. Louis Holtzhausen, Hoof van Kovsiegesondheid aan die UV, was op uitnodiging van die American College of Sports Medicine, lid van die afvaardiging van die People to People Ambassadors Programme. Die afvaardiging was na Nieu-Seeland en Australië waar hulle formeel en informeel oor sportwetenskap en sportgeneeskunde gepraat het, hul kennis met mekaar gedeel het en kontakte opgebou het.

Hy het ook 'n referaat in Sydney gelewer oor die epidemiologie van beserings in professionele rugby.

# ’n Tyd vol voorspoed!

**Ja, dit is weer daardie tyd van die jaar.**

Tyd om terug te kyk op die jaar wat verby is – die goeie én minder goeie tye – en die een wat voorlê.

Ek hoop die jaar *2006* hou vir u net vreugde in.

Ek waardeer u steun en sien uit daarna om in die toekoms steeds u voorkeurraadgewer in belegging- en voorsorgsake te wees.



**Ben Opperman**
**Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur**
**051 407 8156**
**082 457 2240**
**benoprmn@intekom.co.za**

*Ons dink vooruit* Sanlam

Sanlam CI0912MS0579BPA




## Advertensies

**Vakansie-akkommodasie te Stellenbosch**. Vanaf 15 Desember 2005 - 6 Januarie 2006. Volledig toegeruste woning, 6 slaapplek, binnebraai, 2 toesluitmotorhuise, MNet, 40 minute vanaf Kaapstad se Waterfront, 15 minute vanaf Strand/Somerset-Wes, R350 per nag vir 4 persone, (R25/persoon/nag ekstra - maks. 6 persone). Kontak Leon Eygelaar by le@sun.ac.za of by 083 452 8475.

**Proeflees** van tesisse en verhandelings. Skakel mev. Terblanche by 051 5229116, alle ure.

**Mense met brusellose** (brucellosis - maltakoors) kry nou kans om 'n ondersteuningsgroep te begin. Belangstellendes kan Leatitia Pienaar by 401 9188 of 083 677 6042 (of per e-pos by pienaarajl.stg@mail.uovs.ac.za) kontak.

**Kamers te huur** vir damesstudente in Universitas. Loopafstand van die Universiteit van die Vrystaat. Kontak mnr. Johan Stemmet by 082 438 6182.

Future Entrepreneurs

## PLAASLIKE UITGEWERS

Poste is onmiddellik beskikbaar vir:

1. VERTALERS (ENGELS NA AFRIKAANS)

- Moedertaalsprekers van Afrikaans
- Goeie werkende kennis van MS Word 2000
- Goeie Engelse idioom
- Voltyds en deeltyds

2. AKADEMIESE REDAKTEURS

in Ekonomie, Sakestudies, Wiskunde, Rekeningkunde en Aardrykskunde.

- Gegradueerdes/Nagraadse nagraadse studente
- Goeie werkende kennis van MS Word 2000
- Voltyds en deeltyds

Faks CV van 3 bladsye na 051-444 1088 vir aandag Riëtta

## LOCAL PUBLISHERS

The following posts are immediately available for:

1. TRANSLATORS (AFRIKAANS INTO ENGLISH)

- Mother-tongue speakers of English
- Good working knowledge of MS Word 2000
- Good Afrikaans idiom
- Full- time and part- time

2. ACADEMIC EDITORS

in Economics, Business Studies, Mathematics, Accounting and Geography.

- Graduates/Post-graduate students
- Good working knowledge of MS Word 2000
- Full- time and part-t ime

Fax CV of 3 pages to 051-444 1088 for attention Riëtta

## Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs
Tel: 051 401 2707

**Ontwerp en uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing, Cell: 082 728 4860

**Drukwerk:** Print 24, Tel: 051 433 2763

Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.

**Adresplakker**

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies

informa.stg@mail.uovs.ac.za